

# DIE LEWE OP 'N AFGELEË EILANDPARADYS

## Die 63ste SA jaarspan op die onherbergsame Gough-eiland vertel van hul vreugdes en uitdagings

Deur **RICHARD VAN RENSBURG** Foto's: **ANTARCTIC LEGACY OF SOUTH AFRICA**



Die 63ste jaarspan: Agter staan (van links) Zach Mogale, Malesedi Ramotando, Jaimie Cleeland, Thabo Maroga, Fabrice le Bouard, Vukile Madlebetsha en Kate Lawrence, en voor hurk Tom McSherry, Santjie du Toit en Peter Chuku.

WAT doen 'n mens as jy 'n hele jaar op 'n spikkel van 'n vulkaniese eiland in die oneindige Suid-Atlantiese Oseaan moet deurbring, 'n paar duisend kilometer van die naaste vasteland met net nege ander mense as geselskap?

Wel, vir eers jou werk, afhangend van jou posbeskrywing by die Suid-Afrikaanse Nasionale Antarktiese Program (Sanap). Dit kan as weerkundige wees wat data op Gough-eiland insamel vir ons weervoorspellings of as navorser oor die seevoëls in dié ongerepte paradys. Die geveerde bevolking word hoeka deur indringers so reg uit 'n rillerfliek bedreig: 'n magdom muise van tot dubbel die normale grootte.

Benewens hul werk kry elke spanlid 'n beurt om die Suid-Afrikaanse basis skoon te maak en te kook. Die hand vol mense wat op Gough woon, moet ook enigiets wat breek self regmaak, want die poolnavorsingskip SA Agulhas II kan net een keer per jaar daar vasmeer vir instandhoudingswerk wanneer hulle in September 'n aflosspan en rantsoene bring.

Soms speel hulle "Kokkedoor" in eilandstyl. Met dié dat almal voor die kospotte moet inspring, het "Gough 63", die 63ste jaarspan wat onlangs na Suid-Afrika teruggekeer het, met 'n unieke kookboek vorendag gekom, getiteld The Gough Kitchen: Remote Island Recipes.

Met die eerste ontmoeting van Gough 63 se 10 spanlede "het party beweer hulle is slegte kokke", vertel Kate Lawrence en Jaimie Cleeland, medesamestellers van die boek, in die voorwoord. "Maar enigiets is moontlik en eindelik het ons 349 wonderlike maaltye geniet." Dit het gewissel van vars gebakte croissants vir ontbyt tot seekat, vispepersop en beesstertbredie.

En tog is die lewe op dié buitepos in die bloutes nie sonder uitdagings nie.

DIE hoofdoel van die Suid-Afrikaanse basis op Gough is om weerdata in te samel, vertel Ria Olivier, die hoofnavorser, en Anché Louw, die wetenskapskommunikeerder van Antarctic Legacy of South Africa. Dié afdeling van Sanap hou 'n geskiedkundige rekord van die Suid-Afrikaanse navorsingsekspedisies na die subantarktiese eilande Gough, Marion en Prince Edward en na die Antarktiese vasteland.

Ria wys 'n swart-wit foto: "Hier's die eerste Gough-oorwinterspan van 1955-1956, gebaadjie en gedas vir hul Kersmaal."

Vier dekades later het die eerste vrouespanlid in 1997 voet aan wal gesit.

Voor 1956 moes meteoroloë vir weerdata uit dié wêrelddeel op skepe staatmaak wat die Atlantiese Oseaan van Suid-Amerika oorgesteek het. Die data wat op Gough ingesamel word, help om die weer akkurater vir Suid-Afrika te voorspel.


"Die Suid-Atlantiese Oseaan wes van Gough is die oorsprong van koue fronte in die Suidelike Halfrond," verduidelik Zach Mogale, 'n meteorologiese tegnikus en spanlid van Gough 63. "Wanneer dit daar ontwikkel, beweeg dit in Suid-Afrika se rigting. Amper al dié koue fronte swiep oor Gough, en die weerverskynsels wat

HOOFFOTO: Die SA basis op Gough-eiland. REGS: Die Gough-kombuis waar die spanlede sjef gespeel het. HEEL REGS: Die sit-en-fliekkamer. Sonder TV-dienste en stroming is die kykstof alles opgeneem . . . nog op videokassette!










daarmee gepaardgaan, is asemrowend."

Ook Santjie du Toit, die spanleier van Gough 63 en hul senior meteorologiese tegnikus, vertel hoe opgewonde sy oor "die ongelooflike wolke, reënboë en storms" geraak het. "Niks kan vergelyk word met die natuurprag en diere wat jy daagliks daar sien nie."

Van haar take was om uurliks data in te samel oor alles van die lugtemperatuur, windspoed en -rigting tot die lugdruk en wolke. "Ons het ook weerballonne opgestuur en die seetemperatuur gemeet."

Sy het halfses opgestaan "en soos 'n zombie in my pajamas na die weerkantoor gestap", vertel sy oor 'n tipiese dag. "Twaalfuur is middagete; gewoonlik die vorige aand se oorskiet. As dit sonnig is, sit ons buite in die braaigebied en geniet die kaperjolle van die suidpoolse roofmeeue en die Gough-waterhoenders.

"Wanneer die dagskof teen drieuur die middag eindig, kan jy 'n uitstappie na Seal Beach of 'n middagslapie inwerk.

"Die nagskof begin om sesuur die aand en eindig drieuur die oggend en dan doen ons net elke drie uur waarnemings. Aandete is seweuur en daarna speel jy potspel of kaart of kyk 'n fliek."

Santjie het ook graag voëls help tel, robwelpies geweeg en moniteerringetjies aan albatroskuikens gesit.

Maar die paradyseiland het ook sy donker kant. "Dit was hartverskeurend om te sien kuikens word lewend deur muise geëet," vertel sy.

Huismuise het sowat 150 jaar gelede op Gough beland toe seevaarders daar aangedoen het. Volgens die Royal Society for the Protection of Birds (RSPB) het dié knaagdiere nou "die eiland gekoloniseer" en "geëvolueer om twee tot drie keer so groot as normaalweg te word".

Dit was juis Kate Lawrence, 'n RSPB-veldnavorsingsassistent, en haar medeveldnavorsers se taak om seevoëls te monitor wat op Gough broei.

"Dit was aaklig om albatroskuikens met groot, oop wonde aan hul lyf te sien en te weet hulle sou waarskynlik nie veel langer oorleef nie, dat die muise sou terugkom om verder te eet wanneer dit donker word," vertel dié lid van Gough 63 'n paar dae nadat hulle ná hul jaar op die eiland met die SA Agulhas II teruggekeer het.

Kate-hulle se navorsingswerk help nou met die voorbereiding vir 'n groot muisuitwissingsprojek wat vir 2020 op Gough beplan word.

DIE winderige weer kan triestig raak. Weens die nat en moeilik begaanbare terrein staan die ou weerstasie wat die spanlede huisves op 'n staalstellasie 0,5 tot 1 m bo grondvlak.

"Elke spanmaat kry 'n privaat kamer en die geriewe is basies, maar voldoende," vertel Tom McSherry, 'n medikus vir die 63ste en 62ste Gough-jaarspan. "Ons het Wi-Fi, maar 'n mens het beperkte bandwydte. Jy kan WhatsApp, maar het nie televisie, radio of stroming nie."

"Saturday Night Movies" was 'n weeklikse ritueel. Gough het 'n reuseversameling VHS-kassette en 'n videokassetspeler.

Die siekeboeg is vir basiese ongevalle en skete toegerus. Vir ernstige ongevalle is 'n vaart van 24 uur na die hospitaal op die eiland Tristan da Cunha 'n uitweg.

Met sy loodregte kranse is Gough so moeilik toeganklik dat mense, rantsoene en toerusting elke jaar met die aankoms van 'n nuwe span van die Agulhas met 'n helikopter na die eiland gevlieg word.

Gough betower ook buitestanders wat 'n draai daar maak, soos Henry Cumpsty van die Paarl. Met die jongste spanoorname het hy nuwe kragopwekkers daar gaan help installeer. Die prentjie van die eiland wat in "die pragtige blou see opdoem, omring deur daardie hoë kranse en met die seëvoels wat oral rondvlieg", was vir hom onvergeetlik, vertel hy.

"Dis ook een van min plekke waar jy snoek van die kranse af kan vang." ■

## BERG IN DIE SEE

Gough-eiland, meer as 2 600 km suidwes van Kaapstad, is die spits van 'n ondersese berg. Die eiland van 14,5 km lank en 6,5 km breed steek 910 m bo seevlak uit, maar van die seebodem tot by sy spits is dit omtrent drie keer die hoogte van Tafelberg.

Volgens oorlewering is dit in die 1500's deur die Portugese seevaarder Gonçalo Alvarez ontdek. Sowat 200 jaar later het 'n Engelsman, ene kapt. Gough van die skip Richmond, dit "herontdek". Dit is na hom genoem en Brittanje het dit in 1938 geannekseer.

Volgens die Royal Society for the Protection of Birds word Gough-eiland, 'n Wêrelderfenisgebied, as die belangrikste seevoël-eiland in die Suid-Atlantiese Oseaan beskou.

Dit is die tuiste van 8 miljoen voëls van 23 verskillende spesies.





BO: Jaimie Cleeland werk aan 'n Atlantiese geelneusalbatros se seintoestelletjie. REGS: Geelkuifpikkewyne.

VERSKAF DEUR HENRY CUMPSTY